

Leef elke dag met God

Juda wat van God af weggedryf het, hoor God se roepstem om terug te keer na Hom toe. In die groot droogte sien hulle God se hand wat straf. Hulle kom bymekaar en bely: Ons het teen U gesondig, maar voeg by: Waarom sou U wees soos 'n vreemdeling in die land, soos 'n reisiger wat net 'n nag oorbly?

Dis 'n skuldbelydenis met 'n verontskuldiging. Hulle het gesondig, maar God is eintlik die oorsaak daarvan. God het die breuk veroorsaak. Hulle sê God is vir hulle soos die reisigers in hulle land. Daar is geen band tussen die reisigers en die inwoners nie. Al kontak wat die reisiger met die inwoner van die land het, is in die aand. Dan word daar uitgedraai na 'n herberg om daar te vernag. Juda sê: So is dit ook met God. Hy is soos 'n reisiger in hulle land. So nou en dan is daar 'n kontakpunt. Verder is Hy vir hulle 'n vreemdeling.

Die mense van Juda het gevoel dat daar iets haper in hulle verhouding tot God en hulle sê: die fout lê by God.

So tipies van die sondige mens! Hy wil homself altyd verontskuldig. Dit is hulle wat vreemd geword het aan God se diens. Nie dat hulle geheel en al van God vergeet het nie. Daar word 'n bid- en vasdag uitgeroep en op die feesdae is daar kontak met God, maar van die hele lewe in diens van God stel was daar geen sprake nie.

En dit is nie God se skuld dat hulle los van Hom lewe nie. God het dan juis sy eie Seun na die mens gestuur om die band met God te herstel. Jesus Christus word die Groot Vreemdeling op aarde sodat ek en jy die wonderlik en intieme gemeenskap met God kan hê.

Nou wil God nie gaste hê wat so nou en dan by Hom aandoen nie, maar kinders wat by Hom inwoon en elke dag uit sy genade lewe. Dis ons wonderlike genade voorreg om elke dag met God te lewe.

Sing: Psalm 73:12 (1936)

Ds AZ Pelser (Emeritus)